

OPWINDENDE LOOPBAANGELEENTHEID CERES, WES-KAAP



Ceres Fruit Growers (Edms) Bpk, een van die leidinggewende vrugteverpakkings- en bemarkingsmaatskappye in SA, benodig 'n energieke en professionele persoon in die volgende betrekking by ons Ceres aanleg:

Spesiale Programme Bestuurder

Hierdie pos sal direk aan die Bestuurder: Produsentendienste rapporteer en deel uitmaak van 'n dinamiese span wat omsien na die maksimering van produsente-inkomstepotensiaal en verantwoordelikhed aanvaar vir:

- Oorkepelende bestuur van plaagbeheerprotokol insluitend bestuur van MRL'e, noue samewerking met chemiese verteenwoordigers en bedryfsinstansies tov nakoming van markresiduevereistes
- Skakeling met produsente mbt plaasprotokol, en spesiale bemarkingsprogramme
- Uitvoering van fisiese boordinspeksies en ondersteuning aan produsente
- Monitoring en kommunikasie van spuitmonsterontledings en -programme aan kliënte
- Opstel en interpretasie van spuitprogramriglyne aan produsente
- Omsien na toegekende produksie-eenhede itv vrugspesifikasies, poelkeuses, en boordvoorbereidingsstrategie
- Versekering dat geproduseer word wat die mark vereis en deurlopend hulp verleen aan hierdie produksie-eenhede om maksimum waarde toe te voeg.

Die toepaslik gekwalifiseerde posbekleër sal aan die volgende vereistes voldoen:

- Naskoolse landboukwalifikasie in Landbouwetenskappe
- Ondervinding mbt Entomologie of Hortologie sal in u guns tel, spesifiek binne die kernvrugbedryf
- Minimum van 3 jaar ondervinding in soortgelyke werksomgewing
- Uitstaande interpersoonlike verhoudinge en goeie kommunikasievaardigheid in Afrikaans en Engels
- Vermoë om onafhanklik te funksioneer
- Bogemiddelde rekenaarvaardigheid in MS Excel/Word/PowerPoint
- Goeie vrugkennis
- Eie vervoer en geldige rybewys.

Ons bied 'n markverwante vergoedingspakket wat aangevul word deur die voordele en aangename werksomstandighede wat met 'n vooruitstrewende maatskappy vereenselwig word.

Stuur asseblief u versoek, met vermelding van u huidige vergoedingspakket en drie verwysings waarmee in verbinding getree kan word, aan die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Ceres Fruit Growers (Edms) Beprek, Privaatsak X67, Ceres 6835 of per faks na (023) 312-2700 of per e-pos na soraya.swartz@cfg.co.za

Sluitingsdatum: 22 Mei 2018

Indien u nie binne drie weke na die sluitingsdatum van ons verneem het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

In ooreenstemming met ons Beleid op Gelyke Indiensneming, sal toepaslik gekwalifiseerde persone vanuit die geïdentifiseerde groepe voorkeur ontvang.